# FAKKEL-FLITSE

*Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!*

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

**UITGAWE 324 · 10 NOVEMBER 2023**


Kontakbesonderhede: mediasentrum@framesby.co.za

# FRAMESBY-LEERDERS FLOREER!


## OUDRUGBYLEERDERS PRESTEER OP VELE TERREINE

Baie geluk aan William Moffat (matriek 2019) wat as Shimlas se voorspeler van die jaar aangewys is! Ons wil ook baie geluk sê vir Zack Serfontein wat by NWU as hul 0/19-Speler van die jaar aangewys is

Jaco Pretorius wat die jaar kaptein van die eerste rugbyspan was, het 'n kontrak met 'n Italiaanse rugbyklub naamlik, Benetton geteken. Hy vertrek in Januarie en sal vir 5 jaar vir dié Italiaanse rugbyklub speel. Jaco sien baie uit om vir die Italian Rugby Federation (IRF) te speel terwyl hy deeltyds in Treviso sal studeer.







FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100

*barometer*




**HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR: SUNRIDGE VILLAGE**

# EBEN IN OP O/19 TENNISSPAN OPGENEEM

Eben Peens het die afgelope naweek aan die OP-tennisproewe vir O/19-spelers deelgeneem.

Hy het algeheel 3de geëindig en is so ook vir die OP-O/19 tennisspan gekies. Ons is baie trots op hom, véral omdat hy net 15 jaar oud is!



# MUSIEKUITSLAE:

Die volgende graad 8-leerders het onlangs hul Trinity musiekeksamens digitaal afgelê en pragtige uitslae behaal:

Anieke Liebenberg, graad 1 dwarsfluit - 81%
MJ Bonthuys, graad 4 dwarsfluit - 84%
Ricah du Plessis, graad 3 klavier - 97%

Baie geluk met die mooi prestasie!







SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# HOKKIENUUS:

Lumé Barnard is verkies om vir die 0.16A-Vipers Indoor Nasionale hokkiespan in Kaapstad vanaf 17-21 Desember te speel. Knap gedaan!



# BUITESPORT:

Anri de Beer (gr. 10) het gedurende die vakansie aan die Talent Africa Nasionale kompetisie deelgeneem wat vanaf 28 September tot 8 Oktober 2023 plaasgevind het. Sy het die Oostelike Provinsie in die kategorie: Dance: Lyrical / Contemporary / Modern Solo (15 - 17 jaar) verteenwoordig.

Sy het 'n goue medalje verower. Sy het ook gekwalifiseer om Suid-Afrika by verskeie internasionale kompetisies te verteenwoordig en sodoende haar nasionale kleure in die Uitvoerende Kunste te verwerf.






SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY OUDSKOLIERE

## ONS GESELS MET: LOURENS MILLARD





My naam is Lourens Millard (op skool bekend as Oros) en ek was vanaf 2005 tot 2009 in Framesby.

In Graad 8 (2005) het ek in die middel van die jaar van DF Malherbe verskuif na Framesby. In my begin-dae by Framesby was ek bevoorreg om in die OP-Jeugkoor te kon sing en het ons onder andere in Noorweë en Engeland opgetree. Die Wêreldkoorfees het in Noorweë plaasgevind. Ek het ook amateurstoei beoefen en OP-kleure daarin verwerf. Ek het goud by die SA-kus en streekskampioenskappe en 'n brons by die SA Nasionale kampioenskappe (3de in SA) verwerf. My groot liefde is rugby en ek het vir die skool se O/14A, O/15A en O/16A (kaptein) gespeel. Ek is ook gekies om die OP O/16-Grant Khomo-span in een wedstryd te verteenwoordig wat op die Boet Erasmus teen Grens gespeel is. In my Graad 11 en 12 jare het ek tussen die 2de en 1ste spanne gewissel. Een spesifieke wedstryd vir die 1ste span sal ek nooit vergeet nie. Ons kon daarin slaag om Grey High se 1stes na 10 jaar 16-7 te klop. Die hele skool het na die eindfluitjie oor die veld gestroom om ons geluk te wens. Dit was 'n hoogtepunt.

Op skool was akademie beslis nie my eerste prioriteit nie. My gunsteling onderwyser was mnr van Niekerk wat vir ons Biologie gegee het. Hy was altyd vriendelik en streng wanneer dit nodig was, maar het mens altyd met respek hanteer. Die vriendekring wat ek in Framesby opgebou het, het veroorsaak dat ons nou nog met mekaar kommunikeer. Dit het deels gehelp om my te vorm tot die man wat ek vandag is.


SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

Na skool het ek op sportgebied by Parks-rugbyklub aangesluit en 3 jaar o/21 en ook ‘n paar wedstryde vir hul 1ste span gespeel. Terselfdertyd het ek Menslike Bewegingskunde by die Nelson Mandela Universiteit gaan studeer en het my graad in 2013 verwerf. Daarna het ek my Honneursgraad in Sportwetenskap in 2014 verwerf. ’n Dosent het my arm gedraai om my Meestersgraad, ook in Sportwetenskap, te doen sodat ek hom kon help om klasse by die universiteit aan te bied.

Ek verwerf my Meestersgraad in Menslike Bewegingskunde in 2016 en ontdek my passie vir die akademie. Ek kon ongelukkig nie ‘n permanente pos by die universiteit kry nie en het toe ‘n pos by Discovery Health aanvaar. Einde 2017 word my droom bewaarheid om ’n dosentepos aan die Universiteit van Zululand in die die noorde van Natal te kry. Hulle het my die wonderlike geleentheid gebied om in 2019 met my PhD studies te begin wat ek in 2021 kon voltooi. Ek is so dankbaar dat ek op 30-jarige ouderdom die prestasie kon behaal, wat my een van die jongste doktore in die geskiedenis van die universiteit gemaak het. Tans is ek ‘n senior dosent by die Universiteit van Zululand in Richardsbaai. Ek het 21 publikasies in internasionale joernale in die veld van Visie in Sport gepubliseer en word gesien as een van die voorlopers op die gebied in Afrika.

Ek is woonagtig te Empangeni en het die liefde van my lewe Monique Badenhorst daar ontmoet en is in Julie 2023 getroud. As ek enige raad aan huidige en toekomstige leerlinge kan bied, is dit die volgende: doen die goed in die lewe wat jou die bangste maak. Dit kan en gaan op die ou einde die mees lonend wees. Onthou ook altyd die volgende: “the man who does more than he is paid for will soon be paid for more than he does”, Napoleon Hill.

Vriendelike groete.
Dr Lourens Millard














SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY
## OUDSKOLIERE (FOS)

Beste Oudskolier
Ons wil julle graag van gebeure rondom jul alma mater op hoogte hou. Om hierdie rede wil ons graag ons databasis op datum bring en vra dat alle oudskoliere asb. die volgende inligting na **fos@framesby.co.za** sal e-pos:

- ✓ NAAM EN VAN :
- ✓ NOOIENSVAN:
- ✓ ID-NOMMER:
- ○ JAARTAL GEMATRIKULEER:
- ○ ADRES:
- ○ PROVINSIE:
- ○ BEROEP:
- ○ TELEFOON:
- SELFOONNOMMER:
- E-POSADRES:

**U inligting bly hoogs vertroulik.**
**Die rede hoekom ons u ID-nommer benodig, is om te verhoed dat ons duplikate op ons sisteem stoor.**

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100

## WORD DEEL VAN 'N HOËRSKOOL VAN UITNEMENDHEID

Sluit aan by Framesby se Klub 1000/100 en word deel van 'n skool van uitnemendheid. Na vele navrae van ons alumni is die konsep van dié Klub gebore. Klub 1000/100 gee almal die kans om steeds betrokke te wees by die skool en die blink toekoms daarvan te verseker. Dit maak nie saak of jy nog in Suid-Afrika of oorkant die waters bevind nie. Jy kan 'n bydrae maak!

'n Maandelikse bydrae van R100 kan in die Framesby Opvoedkundige trust gedeponeer word. Hierdie trust word aangewend vir die welstand en vooruitgang van die skool. Die fondse sal deur die Trust bestuur word. Die aanwending van die befondsing sal bepaal word deur die skool en die Trust se komitee. Daar sal elke jaar 'n finansiële verslag deurgegee en geoudit word. Die proses is dus deursugtig en lede kan sien hoe hul skenkings aangewend word.

Op Maandag, 7 Augustus 2023 sal daar 'n video aan ons ouers en oudskoliere uitgestuur word wat die hele proses verduidelik. Die video sal ook op ons Youtube-kanaal, webwerf en Facebook-Blad beskikbaar wees. Die debietordervorm sal op ons webtuiste onder die Klub 100/100 "tab" beskikbaar wees.

PROSES OM BY DIE KLUB 1000/100 BETROKKE TE RAAK
1) Laai aansoekvorm van Hoërskool Framesby se webtuiste af.
2) E-pos voltooide vorm na rterblanche@framesby.co.za
3) U naam sal weekliks in die Fakkel-Flitse onder Klub 1000/100 lede verskyn.
4) Hou ons groeiende barometer dop. Dit sal op die voorblad van die Fakkel-Flitse verskyn.

Dankie aan oudleerders, ouers, onderwysers en passievolle ondersteuners vir u bydrae.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100 *lede*

Marius Germishuys *(skoolhoof)*

Mariaan Botha *(ouer)*

Karl du Preez *(oudouer)*

Anél Ferreira *(ouer)*

Mornay Heunis

Sonia & Arthur Gunn *(ouers)*

Christiaan Beyers Knoetze *(oudskolier)*

Niel Louw *(ouer)*

Rinaldo Loftie-Eaton *(oudskolier)*

KA Reyneke

Petra Gouws *(BL Finansiële-voorsitter)*

Keagan Tait *(oudskolier)*

Wynand Wessels *(ouer)*

Werner Edwin Olivier *(ouer)*

Gerhard Meiring *(oudskolier)*

*Ernst Stapelberg (oudskolier)*

*Masunet Strydom (BL-voorsitter)*

*Dirk Kotze (BL)*

Lynette Stumke *(BL)*

Hugo Maritz *(BL)*

Pienaar Agenbag *(oudskolier en ouer)*

Bernard McDonald *(oudskolier)*

Hoërskool Framesby

HANDHAAF EN BOU

Vorms beskikbaar op ons webtuiste!

# Inverter Bundle Special

Sunsynk 5kw Inverter + Greenrich 4.95kwh battery
Inverter and Battery alone - R68 500
With 6 x 420w PV panels - R81 500
With 6 x 550W PV panels - R84 500
Installed with COC, all accesories included.

Sunsynk 8Kw Inverter + Hubble 10kw Blade Lithium Battery
Inverter and Battery alone - R106 500
With 12 x 420w PV panels - R129 000
With 12 x 550W PV panels - R134 500
Installed with COC, all accesories included.

IT on the move

SUN SYNK®
Approved Installer

084 752 7927 / 083 580 0191
info@itonthemovepe.co.za
ICT SALES, SUPPORT AND SERVICE
COMPUTERS & COMPONENTS · LAPTOPS AND ACCESSORIES
COMPUTER ACCESSORIES AND CABLES
PRINTERS AND MULTIFUNCTIONALS · NETWORKS
WIFI · SERVERS · SOLAR SOLUTIONS